# Die Olyftak



*Gewilde nuusberigte op ons eie tuisgrond*

Olive Crescent
Aftreeoord Retirement Village

h/v Leanderweg & Olivelaan
Olympus, Pretoria, 0081
Tel: (012) 809 2377 / Sel: 083 381 3475

VOLUME 18 DES. '24 / JAN. '25

***From the Editorial team**:*
*With the year end approaching fast, it is time to look back over 2024 and consider for a moment how privileged we are to be living in Olive Crescent – not only because of the beauty of our surroundings, but also because of the people who have done their part to improve the quality of our daily lives. To Liza, Corrie and his team, Clarisse and her co-workers, the gardening team, the security guards; and last but not least, the trustees and other residents who volunteered their help and support without any compensation – our sincere thanks. You made us proud to be part of the Olive Crescent family.*



**Voorsittersbrief**:
Ek voel dinge moet nou tot 'n einde kom. Almal spook om die laaste take af te handel; die laaste vergadering, dan die jaarafsluit-ete. Oor die TV hoor ons van die Sportman van die Jaar; Mej. Heelal; skole en universiteite sluit. 'n Onsekere aanvoeling van toemaak, klaarmaak, die jaar se dinge afhandel. Nuwejaar kom! Nog 'n jaar wat verby is … só vinnig.

In die koopsentrum hoor ek Kersmusiek; ek hoor groetwoorde – "geseënde Kersfees", "geniet jou Kerstyd". Ek hoor mense gaan weg met vakansie; ander bly tuis. En skielik kry ek 'n gevoel van rustigheid en ek hoor Koos duP – "*welkom o stille nag van vrede, onder die suiderkruis"*. My wens vir ons inwoners is stille vrede en 'n vreugdevolle Kersfees vir julle en jul geliefdes. Saam met julle sien ek ook uit na die nuwe jaar 2025 – met al die uitdagings wat dit mag bring, maar ook die geleenthede.

Die toekomsgerigte gesprek van 28 Februarie was 'n mylpaal in die bestaan van Olive Crescent. *Our vision brought the opportunity to show our uniqueness to the world, through social media and our logos. These symbols convey the message of our values, culture, and purpose, which can breed attention and loyalty of interested outsiders*.

Olive Crescent
Aftreeoord Retirement Village

*Ons Oord, waar mense veilig en versorg voel; waar gelukkige aftrede vir seniors heers – geborgenheid.*

Die jaar 2024 was vir ons soos 'n bootreis – hoofsaaklik in gladde waters, maar ook in skommelings. Finansiesgewys het ons mooi reggekom; ons omgewing lyk mooi en skoon; die tegniese versorging van ons dienstestelsels is topvlak en die uiterlike is esteties pragtig; inwoners is weer baie gelukkig met die spyseniering. 'n Getygolf het die versorging van verswakte bejaardes getref, maar tuissorg, klinieksorg en noodsorg was binne vier dae weer op gladde waters. Inwonersake verg deurentydse aandag.



*During the course of the past year, the end has arrived for Hannetjie, Henning, Jacobus, Peet, Johanna and Gretchen, and others have relocated elsewhere. Nineteen new inhabitants arrived.*

Groetnis

Arie Korf – Eenheid 57 – 082 450 6959

## *CORPORATE MATTERS* KORPORATIEF

Gedurende die jaar het Lorraine van Rooyen by Elly van Zyl oorgeneem as Trustee: Dienstesentrum, en Dora Germishuizen het in Gerhard Swart se plek Alternatiewe Trustee geword.

MidCity Property Services (Pty) Ltd se aanstelling as Bestuursagent kragtens Regulasie 28.5 (STSMA Oct 16) is vasgestel op outomatiese jaarlikse hernuwing, met voorwaardes.

MidCity Utilities (Pty) Ltd se aanstelling as diensverskaffer vir munisipale dienste is ook vasgestel op outomatiese jaarlikse hernuwing, met voorwaardes, in tandem met MidCity Property.

Reef Caterers se spysenieringskontrak vir Olive Crescent is vir drie jaar hernu, met ingang 1 Januarie 2025 en behoud van eskalasiedatum 1 Junie, jaarliks.

’n Projekspan bestaande uit Gerhard Swart, Irene Botha en Anton Joubert is aangewys vir die beplanning en ontwerp van die fasade vir die Olive Crescent-naam by die ingang.

Die regsfirma CR Law in Centurion is aangestel om ons by te staan in die repudiasieproses teen Retire at Home. Sr Maricel Potgieter is aangestel om die noodsaaklike sorgdienste te lewer totdat ’n nuwe diensverskaffer aangestel is.

’n Oom staan met homself en praat.

Sê iemand: “hoekom praat hy met homself?”

Antwoord: “hy’s so oud, al sy vriende is al dood.”

“Hoekom praat hy dan so hard?”

“Hy’s doof”.

## OORDSTATISTIEK *VILLAGE STATISTICS*

Eenhede te koop: 3 (#64, #79, #81) Eenhede verkoop: 2 (#36, #53)

Eenhede te huur: 1 (#25) Eenhede verhuur: 0

Reef Caterers – etes voorsien (Oktober): 1075

## TEGNIES – SKT



Die SKT-span is verheug om aan te kondig dat die struktuurversterking van Blok A afgehandel is. Daar sal binnekort 'n inspeksie deur 'n struktuur-ingenieur gedoen word wat hierdie werk, asook alle ander strukture, sal evalueer. Dit is 'n vereiste dat daar elke drie jaar so 'n verslag verkry moet word vir versekeringsdoeleindes.

Die opgradering van die kombuis het ook goed gevorder; slegs die vloerteëls is nog uitstaande. Dit sal vroeg volgende jaar afgehandel word. Dit moet in gedagte gehou word dat hierdie projek se stadige vordering daaraan te wyte is dat ons slegs in die kombuis kan werk wanneer daar nie etes voorberei word nie. Derhalwe is slegs enkele ure in die middae beskikbaar en ons het groot waardering vir die geduld van die kombuispersoneel. Die verbetering in die kombuis se voorkoms en beter ligverspreiding vergoed egter vir die ongerief en ons werk word deur die personeel waardeer.

Verder slaag ons steeds goed daarin om die probleme wat deur middel van die klagteboek onder ons aandag gebring word, vinnig aan te spreek en af te handel.

Ten slotte wil die lede van die SKT al die inwoners bedank vir hul vriendelike ondersteuning en geduld deur die (bykans) afgelope kalenderjaar en vertrou dat ons kan staat maak op almal se bydraes (raad, klagtes en alles wat ons beter kan doen) vir die res van die finansiële jaar.

**Anton Joubert**

## DIENSTESENTRUM – SKD

**Gesondheidsorg**:

As gevolg van 'n dispuut tussen Retire at Home en MidCity Utilities, het R@H dit goed gedink om die kontrak tussen die Olive Crescent-regspersoon en R@H te kanselleer. Suster Maricel en haar personeel, aan baie inwoners bekend, sal tydelik die lewering van gesondheidsdienste in die Oord oorneem. Dit sluit dag-tot-dag hulp, kliniekdienste en die bemanning van die noodknoppiestelsel in. Tuisbesoeke sal ook gedoen word. Die trustees is besig om navorsing te doen om op die beste pad vorentoe te besluit.

*The contract between Retire at Home and OC Body Corporate has been terminated due to a dispute between R@H and MidCity Utilities. The trustees are in the process of seeking new service providers. In the meantime sister Maricel and her team will take over caring for the OC residents. The clinic will still be operational; consulting hours will be communicated. The panic button system will be manned by her staff.*

**Spysenering**:

Aangesien R@H nie meer by Olive Crescent betrokke is nie, sal daar geen diens op Saterdae wees nie. Etes vir Saterdae kan vooraf bespreek word, en Vrydae afgehaal word. Ekstra borde moet hiervoor voorsien word. Dit sal meerendeels pastageregte wees.

Eetsaal- en kombuisprosedure is op die inligtingsbord aangebring vir almal se kennisname. Die tye vir wegneem- en selfhaal-etes is ook op die prosedurelys.

(vervolg op bladsy 4)

*After deliberation between the homeowners and Reef, chef Clarisse was appointed to join Olive Crescent.*

*The white box for complaints and suggestions is still operational. Dining room procedure has been introduced – a copy is displayed on the information board.*

*New recipes have been added to the menu, thanks to Clarisse.*

*The catering service rendered to the care centre has been terminated, which means that the preparation of meals on Saturdays has stopped. Residents can, however, still order meals for Saturdays. Please book in advance, and remember that these meals are to be collected on Fridays.*

Kersfees- en Nuwejaarsgroete aan u almal **Lorraine van Rooyen**

## INWONERSAKE – SKI



Ons was op 8 November by 'n vriend se troosdiens. Sy vrou en kinders het 'n uitstalling van sy kosbaarste besittings by sy foto gemaak – onder meer 'n dagboek. Toe ek dié boek oopmaak, staan die volgende inskrywing in sy eie handskrif daar heel voor:

* Beplan vir die toekoms asof jy lank gaan lewe.
* Leef vir vandag asof jy môre gaan sterf.
* Lewe Liefde.

Dit het my aangegryp – juis in dié omstandighede. Liewe Inwoners, leef liefde en doen dit voluit!

Wanneer ons oor die afgelope jaar terugkyk, was daar baie hoogtepunte en ongelukkig ook laagtepunte.

Die onlangse gebeure met ons Dienssentrum het my net weer eens laat besef dat ek my in 'n unieke span bevind – hulle elkeen het hul ware karakter gewys en geen moeite, dag of nag, is ontsien nie.

Dankie vir elke oproep, boodskap en briefie wat ons sedert 30 Oktober ontvang het. Dit bewys weer eens die kaliber inwoners van ons pragtige Oord.

Ons sien in afwagting uit om ons nuwe intrekkers te ontvang – Neels en Gerdie Munnik van eenheid 61, Denice Decker van eenheid 53 en Pieter en Atilla Jacobs van eenheid 36.

Inwoners, laat hulle asseblief welkom voel – ons hoop hulle is gou ingeburger in die ritme van ons Oord.



Dit is met hartseer dat ons moes afskeid neem van Coosie van Coller asook Dalene Fourie. Hulle albei verhuis na inrigtings in die Kaap om naby 'n kind te wees.



Ons betree die Feesseisoen; so wat is Kersfees?

Kersfees is die deernis vir die verlede, moed in die hede en hoop in die toekoms.

Kersfees is die wens dat elke beker sal oorloop met ryk, ewige seëninge en dat die pad na vrede sal lei.

'n Voorspoedige 2025 is my wens vir julle! **Gezina Lombard**



## OMGEWINGSAKE – SKO

Hier aan die einde van nog ’n jaar is dit belangrik dat almal kennis neem van die spesiale reëlings wat sal geld ten opsigte van tuindienste en vullisverwydering gedurende die tweede helfte van Desember:

– Alle grasperke sal vir die laaste keer gesny word gedurende die week van Dinsdag 17 tot Vrydag 20 Desember.

– Tuinwerkers sal so ver moontlik die normale rooster volg op Maandag 23 en Dinsdag 24 Desember.

– Tuindienste sluit af om 12:00 op Dinsdag 24 Desember en hervat weer op Maandag 6 Januarie 2025, om die tuinwerkers geleentheid te gee om hul gesinne te besoek.

– Inwoners moet gedurende hierdie tydperk self hul swart sakke met vullis in die asdromme plaas. Die dromme sal, soos voorheen, op strategiese plekke in die kompleks geplaas word vir u gerief.

– Normale vullisverwydering sal weer op Maandag 6 Januarie 2025 hervat word.

’n Geseënde Kerstyd word aan almal toegewens. **Roelf van Tonder**

## LIEF & LEED — LOVE & LOSS

Ons sê “Baie welkom!” aan die nuwe intrekkers in die Oord –
Neels en Gerdie Munnik (# 61), Denice Decker (# 53), Pieter en Atilla Jacobs (# 36).

***In memoriam***

Gretchen Lademann (# 45) is in November oorlede.
Ons betuig hiermee ons meegevoel met haar seun Erlo en haar ander naasbestaandes.

**Hartlike gelukwense aan inwoners wat in Desember verjaar –**

Jacobus Jordaan – # 67 (02/12)
Peter Cater – # 18 (03/12)
Gerdie Munnik – # 61 (06/12)
Max Burger – # 38 (12/12)
Johnny van der Merwe – # 22 (13/12)
Froukje Welgens – # 77 (14/12)
Lida van den Berg – # 71 (22/12)

**… en wat in Januarie verjaar –**

Ted Stilwell – # 44 (02/01)
Anton Joubert – # 28 (03/01)
Paul Sauer – # 47 (03/01)
Charl van der Merwe – # 68 (03/01)
Yolande van der Walt – # 32 (08/01)
Liza Rademeyer – kantoor (11/01)
Jo Smit – # 6 (13/01)
Harry Viljoen – # 11 (15/01)
Pieter Jordaan – # 17 (15/01)
Morag Askham – # 50 (20/01)
Percy Kelbrick – # 69 (23/01)
Riètte Swart – # 7 (23/01)
Lettie Berthold – # 9 (27/01)





## White Iceberg Roses



When Olive Crescent Retirement Village was built, the developers planted all the white roses. There were about 140; some have since died and some have been removed by residents. There remain about 100. The roses are all part of the beauty and attraction of our village. Many do not realise that they are the property of Olive Crescent Body Corporate – even those that are planted in front of unit windows. Kindly read the rules for confirmation. Any removed by residents must first have the approval of the trustees. Replacements should be shrubs or flowers which are attractive and in keeping with the ambience of the estate. Many visitors have commented particularly about the white roses against the green walls and the beauty thereof.

These iceberg white roses are different to many other types. They are hardy, prolific growers but need a lot of attention, besides the winter pruning. After the explosion in spring when there is an abundance of blooms which flower at the same time, they also all die at roughly the same time. The contrast is quite visible, but we can expect many more blooms if the correct treatment is given. Leaving old flowers to wither and die does not encourage the new flowers to emerge, as the nourishing sap is still being sent to the old instead of concentrating on the new growth. Therefore, snipping or de-flowering should be done regularly. The snipping is done by cutting back to a node where the new growth appears. The result is a quicker crop of beautiful new roses. This has been done on a daily basis for a number of years, but because of concerns and some disagreement this process will now only be done on a Tuesday and Friday. The cuttings will be removed by the garden staff thereafter. Consequently there will be more white petals falling, especially when the wind blows.



Any problems or questions that residents might have had should now be explained. Our aim is to do the best we can for our beautiful estate, putting aside any differences for the sake of our communal gardens and peace for all.

**Morag Askham**







By ons jaarlikse afsluiting was my boodskap aan die dames die volgende: Jy is 'n wonderwerk en onvervangbaar! Hoe dan nou gemaak as jy nog nooit self 'n wonderwerk beleef het nie? Moenie afgeskeep voel nie; die waarheid is dat elke mens op aarde al 'n wonderwerk beleef het. Daardie wonderwerk is jou lewe self. Het jy geweet dat, behalwe jou vingerafdrukke, daar nog sewe ander kenmerke is wat jou heeltemal uniek maak? Van die manier hoe jy loop, tot hoe die porieë op jou neus gerangskik is, kan deesdae gebruik word om jou uit te ken.

Uit plus minus 8 biljoen mense op aarde is daar geen ander een soos jy nie. Jy is 'n wonderwerk!

Jou lewensdoel, die rede vir jou bestaan, is ook groter as wat jy dalk ooit sal weet.

Jy vorm deel van 'n wonderlike plan en is dus onvervangbaar. Jou lewe maak saak.

*In 24 days (as from 1/12/24) we will wish our loved ones, friends and neighbours a Merry Christmas because a miracle was born many years ago. We are indeed entering the festive season. He taught us that Christmas is a time to share, care, and to love.*

*So, choose to be happy and celebrate life. You are a miracle and irreplaceable.*

*May 2025 be our best ever!*

*Blessings from our home to yours.* **Gezina Lombard**

## DAGBOEK & SAMESYN — *DIARY & SOCIAL EVENTS*



| GELEENTHEID | WANNEER / WAAR |
|---|---|
| MANNE-ONTBYT | 1ste WOENSDAGOGGEND van ELKE MAAND 08:30 |
| VROUE-ONTBYT | SOOS per AANKONDIGING |
| DAMESKLUB | 1ste WOENSDAGMIDDAG van ELKE MAAND 14:30 |
| WATER-*AEROBICS* | WEEKLIKS DINSDAE 08:00 en VRYDAE 08:00 |
| OEFENKLAS | WEEKLIKS DINSDAE 09:20 en VRYDAE 09:20 |
| RUMMIKUB | WEEKLIKS DONDERDAE 14:30 |
| VEERPYLTJIES | WEEKLIKS DONDERDAE 14:30 |
| BYBELSTUDIE | 1ste DONDERDAG van ELKE MAAND 10:00<br>In die SITKAMER van die OORD<br>Onder Leiding van Ds ANDRé de VILLIERS |



Tydens 'n vergadering met Millennium Sekuriteit is besluit om hul reël – dat inwoners te alle tye hul 'remote' by hulle moet hê om by die hek in te kom of uit te gaan – te verslap. Daar is inwoners wat gaan stap (met of sonder honde) wat nie hul 'remote' altyd wil saamdra nie. Die hekwagte het nou dus die diskresie om die hek vir sulke inwoners oop te maak.

Dit moet egter duidelik gestel word dat hierdie toegewing slegs vir inwoners geld en nie vir besoekers, werknemers, kontrakteurs, ensovoorts nie.

Daar is tydens dieselfde vergadering met Millennium ook besluit dat daar slegs drie wyses is waardeur bogenoemde **besoekers** toegang tot die kompleks kan kry:

1. Die besoeker skakel die inwoner vanaf die **interkom** en die inwoner maak die hek vir hulle oop (deur syfer **9** te druk op die foon). U sal onmiddelik daarna 'n uitgangkode ontvang via sms. Dit is belangrik om die kode vir u besoekers te gee, sodat hulle weer by die hek kan uitgaan.

2. 'n Beperkte aantal werknemers kan die kompleks binnekom of uitgaan deur middel van die **vingerafdrukstelsel**. (Dit werk ongelukkig nie vir almal nie.)

3. Indien besoekers om watter rede ookal nie die interkom kan of wil gebruik nie, moet hulle die **besoekersregister** teken. Hulle teken dan weer uit wanneer hulle uitgaan.

   In dié verband word u versoek om u besoekers mee te deel dat die hekwagte onder geen omstandighede die hek sonder meer net vir hulle mag oopmaak nie, ongeag hoe goed hulle aan die wag bekend is.

   Daar is ongelukkig gevalle waar besoekers op die wagte skree en vir hulle kwaad word as die wag die regte prosedures probeer volg. Besoekers wat wagte op dié wyse intimideer en die wagte sodoende dwing om die hek vir hulle oop te maak, sal tot gevolg hê dat die wagte dissiplinêr aangekla word. Vra asseblief jul besoekers om hul samewerking by die hek te gee.

   Die wagte sal hulle ook behulpsaam wees om die interkomstelsel te gebruik, indien nodig.

Die wagte het 'n nuwe selfoon met 'n nuwe nommer, waar u hulle kan skakel. Millennium het toestemming verleen dat die telefoonnommer wel vir inwoners gegee kan word. Dit is egter met die uitdruklike versoek dat dit **slegs** gebruik moet word **wanneer** dit **rêrig nodig** is – en onder geen omstandighede om die wagte te bel om vir u private gunsies te doen nie.
U kan byvoorbeeld die nommer gebruik as daar 'n tegniese probleem is en u nie 'n uitgangkode vir u besoekers kry nie. Dan kan u die wagte bel en so meedeel en versoek dat hulle die besoekers uitlaat. Die nommer is **079 351 3509**.

Dit is ook belangrik om kennis te neem dat die wagte net in noodgevalle hul wagpos mag verlaat. Dit is byvoorbeeld nie hulle werk om hulle pos te verlaat om pakkies, koerante, ensovoorts, by die huise af te lewer nie.



Baie dankie vir u samewerking hiermee.
Dit is in belang van u eie veiligheid.

**Piet van Deventer**
Trustee: Sekuriteit
– in opdrag van die Raad van Trustees